BURGER (Kaap Stedelik)
Wednesday, 10 March 2010, p. 3

USB: Eons voor die ander

In die 23 jaar wat hy al verbonde is aan die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB), het prof. Eon Smit vir die 16 jaar wat hy aan die hoof daarvan staan sommer gróót statuur daaraan verleen, letterlik en figuurlik.

Nou sit hy hier oorkant my by 'n ronde tafel in sy kantoor, gereed om die tuig einde April neer te lê.

Hy wil 'n jaar lange sabbatsreis deur die land onderneem en hom dan weer as dosent in statistiek by die sakeskool aansluit.

Die sabbatsreis sal hom die geleentheid gee om "af te gaan tot by die wortels" van sy 60-jarige bestaan en só "vir 'n slag behoorlik perspektief te neem op jou vak, die wêreld waarin jy beweeg en op jouself".

Hy wil ook as 'n "entoesiastiese amateur" klasse in Afrika- en Italiaanse kookkuns loop. Lées.

En aandag skenk aan 'n ander "klein persoonlike belangstelling": wynproe.

Maar eers is daar 'n paar vrae om te beantwoord, soos hoe hy die plek van die USB in die Suid-Afrikaanse samelewing sal beskryf.

Dié vraag, sê hy, beantwoord hy altyd deur daarop te wys dat daar sowat 4 000 sakeskole in die wêreld is wat MBA-grade aanbied; sowat 20 van hulle in Suid-Afrika – en wat Stellenbosch besonders maak, is dat dit in 2000 die eerste sakeskool in Afrika was wat internasionale akkreditasie ontvang het.

Hy glimlag nou oor dié pad vol duwweltjies, van isolasie weens apartheid tot internasionale aanvaarding, en hoe die akkreditasiespan in België oortuig moes word dat studente uit ander Afrika-lande hier as "internasionale studente" geag word.

Die grap is dat Afrika, ongeag hoe ver weg 'n land soos Nigerië nou ook van Suid-Afrika lê, steeds as een land beskou is, terwyl lande wat maar slegs 'n paar honderd kilometer rondom België geleë is nié as één entiteit deur die Belgiese baas van gehalte-assessering saamgevoeg is nie.

Jy sou ook saam met Smit kon lag oor hoedat Suid-Afrika vandag – ná jare as muishond van ook die akademiese wêreld – as voorbeeld voorgehou word vir gevallestudies in diversiteit.

En oor hoedat al meer studente uit ander Afrika-lande hierheen kom om teen 'n fraksie te studeer van wat dit gekos het toe hulle nog sakeskole in die lande van hul voormalige koloniale regeerders – die geskiedenis ten spyt – verkies het.

Maar ook veelseggend is dat hy intussen op die akkreditasiekomitee van die Europese Stigting vir Bestuursontwikkeling in België (EFMD) aangestel is.

Terug na die heuwel in Bellville waarop die USB – met "sy rug na Tafelberg en sy gesig na die res van Afrika" – gebou staan, waar ek Smit vra om die stand van leierskap- en bestuursake in die land te ontleed.

Hy praat eers oor die positiewe: "Hier bestaan baie moontlikhede vir bestuursopleiding, want daar is 'n bepaalde eerlikheid aan die ontwikkel deurdat die president die topbestuurders van plaaslike regering, die polisie en skole byeengebring het.

"Een van die goed wat uitgewys is, is 'n tekort aan opleiding en vaardigheid."

Dan die negatiewe: "Suid-Afrika se ontwikkeling word hierdeur gekortwiek, terwyl private maatskappye darem nog die bestes kan lok deur aantreklike salarisaanbiedinge.

"Maar 'n ontsettende tekort aan bestuurders staar die land in die gesig, en as jy na Afrika in totaal kyk, is dit nog erger."

Hierin is nie net geleenthede vir die USB opgesluit nie, maar ook om kwaliteit-sakeskole in die res van Afrika tot stand te bring, benadruk Smit.

Dan wys hy op een van die onkeerbare nadraaie van die internasionalisering van 'n sakeskool soos die USB: "Programme moes noodwendig in Engels aangebied word. Maar met dien verstande dat studente steeds 'n MBA in Afrikaans kan doen – en hierdie getalle groei onder 'n spektrum Suid-Afrikaners, en nie net wit mans nie."

Die afgelope jaar se resessie het uiteindelik ook in MBA-opleiding tot selfondersoek genoop, erken Smit. Groter klem op entrepreneurskap sal egter kan help om die relevansie van sakeskole te versterk.

Maar dan behoort daar naas die formele opleiding 'n korf geskep te word waardeur diegene met die beste sakeplanne onder die sakeskool se vlerk geneem word vir 'n jaar of twee om dit tot volle potensiaal te laat ontwikkel, meen hy.

Wat, wonder ek hardop, staan in sy boek geskrywe as dié eienskappe van 'n goeie bestuurder of leier?

Hy antwoord puntsgewys.

En som terselfdertyd dit op wat ander oor hóm te sê het.

"Besluitvaardigheid.

" 'n Goeie toekomsvisie.

"En 'n aanvoeling vir mense."

Prof. Eon Smit praat gister in sy kantoor in Bellville. Foto: MICHAEL HAMMOND